NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

November 2006 November 2006

Redaksioneel

Hierdie maand is dit moeilik om te besluit waar om te begin en waar om op te hou. Die rede vir my dilemma is die fantastiese uitstalling wat ons hierdie jaar van die grond af gekry het. In die tyd wat ek lid van hierdie vereniging is was hierdie beslis by verre die beste poging nog! (Die voorsitter skryf ook hieroor dus sal ek volstaan deur namens ons lede aan die komitee te sê, geluk en ons waardeer jul harde werk) Ek dink dit is ook goed om van ons kant af vir Me Sonja Smit, At se dogter, ook weer eens te bedank vir haar harde werk om die items by die uitstalling keurig te rangskik om sodoende te verseker dat die kyk-ervarng soveel aangenamer kon wees.

To give credit to all our exhibitors, and to give everyone who could not attend a small idea of what they actually missed, a fair amount of photos will be included. This may even serve as a record for future exhibitions.

Recently I came across the newsletter of the East Rand Woodworking Association. The editor made it known that he is endeavouring to limit the contents mainly to informative stuff. This is meant to be articles on how to do things, technical information and so on. I believe we should also try to have more of the same type of articles in the Tambotie. However, I will need a lot of support from our members to get worthwhile articles. Could you please let me have clever inputs for publication. (The bit about spalting in this edition may be an example of the format that we need, even with drawings and pictures, where applicable.

Programme for November

- Saturday, 11 November, at 09h00: Cabinetmakers meet at Executool. A demonstration of the Woodrat is on the menu.
- Wednesday, 22 November, at 18h00: Turners meet at At Smit's workshop.
- Wednesday 15 November, 08h15: Visit to Nissan Factory. Start at the Bill Wilson building in Rosslyn.
- Saturday, 9 December, at 18h00: Year end function at the Experimental Farm of the University of Pretoria. (Map included)

Vorige maandvergadering

Die vorige maandvergadering was in meer as een opsig 'n baie aangename geleentheid.

Eerstens het die voorsitter die lede bedank vir die baie geslaagde uitstalling wat ons op 21 Oktober gehad het. Daar is ook 'n laaste prys, Die Aanhouer Wen-trofee aan James van Huyssteen oorhandig. James is en van ons "nuwer" lede en hy het uitstekende draaiwerk uitgestal, onder andere goue toekennings. Veels geluk James.

Na die formaliteite afgehandel is het ons oorgegaan na die aand se program, naamlik Afwerking. Eerstens het At, by wyse van voorbeelde wat hy voorberei en saamgebring het, aan ons getoon hoe verskillende houte reageer op verskillende behandelings soos skuur en minder of meer lae afwerking. Die punt wat seker die beste na vore gekom het uit At se praatjie is die feit dat afwerking nie maklik is nie en beslis nie afgeskeep moet word nie. Tydens die bespreking het dit ook uitgekom dat hout met 'n geslote grein, byvoorbeeld Tambotie, Rooi ivoor nie 'n seëlaar benodig nie, terwyl oop grein houtsoorte soos eikehout, kiaat ens wel baat sal vind by die aanwending van 'n seëlaar.

Ockert Swanepoel het toe vanuit 'n professionele standpunt met ons gepraat oor die aanwending van beits asook hoe werklike ordentlike afwerkings behaal kan word. (Die hele tyd was daar verwys na voorbeelde waar werk van ons lede of goed of nie so goed as wat verwag kan word was nie.) Uit Okkie se aanbieding was dit duidelik dat daar nie kortpaaie is as dit by afwerking kom nie. Jy moet jou materiaal in ag neem, besluit wat jou verwagte resultaat moet wees en daarheen werk, hoë kwaliteit skuurmiddels

asook die korrekte gereedskap gebruik indien jy top resultate wil bereik

Die aand het getoon dat ons binne onsself deeglike kennis en vaardighede het. Dit was ook lekker om hierdie onderwerp van persone te ontvang wat nie daarop uit was om ’n produk te verkoop nie maar eerder bekommerd was oor die vaardighede van ons lede!

Hierdie maand se vergadering word vervang deur die besoek aan Nissan se fabriek wat goedgunstiglik deur Gerhard du Randt vir ons gereël is. Dit vind steeds op Woensdag 15 November plaas en ek glo dat diegene wat bywoon reeds die saak met Gerhard vasgemaak het.

Die voorsitter se deel

Veels geluk en baie dankie aan alle lede van ons vereniging vir ’n baie suksesvolle uitstalling op 21 Oktober. “It’s great when a plan comes together”

Nou kan julle daarna uitsien om vir die res van die jaar nie elke maand deur my gepla, gedreig of gesmeek te word om julle kan te bring ten einde die uitstalling ’n sukses te maak nie. Die komitee is bewus van sekere te tekortkominge en sel regstellingsaksie neem, Dit is veral bemoedigend dat daar soveel meer lede deelgeneem het. Ek vertrou dat die res van die lede wat dit nie hierdie keer kon maak nie volgende keer ’n spesiale poging sal insit om ook deel te wees van hierdie hoogtepunt in ons jaar se aktiwiteite.

There were also several visitors from our neigbouring woodworking associations namely Witwatersrand-, East Rand-, Carltonville and Leeupoort associations. All of them complimented us on the standard of the items on display and the exhibition in general. From my side I would like to thank these members for supporting our event and for putting in the effort to visit us. It is much appreciated.

A special thank you must also go to the management and staff of Hardware Centre for their presence and for organising all the other tool traders to come and demonstrate. An event like this would be incomplete without their presence and support. A very big thank you to these traders who donated the wonderful gifts that we could use as prizes in our lucky draws. It’s great to have you as part of our wodworking family.

Dit is wonderlik om goeie nuus te kan rapporteer en dankie te kan sê vir goeie dinge wat gebeur het. Dit is ook reg dat goeie werk erken, dan waar moontlik, op ’n manier vergoed word. Dit is vir my aangenaam om te rapporteer dat die komitee eenparig besluit het om erelidmaatskap toe te ken aan Louw Trichardt vir sy onbaatsugtige diens as redakteur van Tambotie. Ek is oortuig dat ons nie werklik waardeer wat dit verg om maandeliks so ’n puik nuusbrief die lig te laat sien nie. Baie dankie Louw, jy verrig ’n stoere taak. Die formele oorhandigingseremonie van die sertifikaat sal plaasvind tydens die eerste byeenkoms in Januarie 2007.

Alternative uses of Trees: Medicinal

As previously promised, I would like to tell you of another one of the many alternative uses of but one of our wonderful trees. (Other than the wood) By now you already know that I grew up in the bushveld and I am familiar with the value of trees for their shade/ shelter, firewood, food, grazing, medication etc. A complete book can be written on any of these values.

It so happened that my older brother, who lives near Marken in Limpopo province, brought me as a treat a paper packet of freshly picked ripe wild medlar fruit. (Afr. Groot Mispel; botanical name; Vangueria infausta) Can anybody tell me if there is something like a tame medlar? I would really like to know.

I enjoyed the fruit very much and it took me back many years and to specific places on our farm where these trees used to grow. While I was eating the fruit (did you know that there is a special way of eating the different kinds of wild fruits, just like there is a particular way other fruits are eaten?) I reached for one of my tree books titled “***Making the most of indigenous Trees”*** and paged to the page containing national tree list no 702 and read it carefully. The paragraph dealing with **other uses** revealed the following:

In the North West Province farmers distil mampoer from the ripe fruit. The pulp mixed with some sugar and water makes good’ apple sauce’ to be enjoyed with meat.

The roots and leaves are used to treat malaria and pneumonia. An infusion made from the roots is used in the treatment of coughs and other chest troubles. The pounded leaves are applied to tick bite sores on stock and dogs to speed up healing. A poultice made of the leaves is used to treat swellings on the legs and inflammation of the naval in children. An infusion made from the leaves is used in treating abdominal pains. The root is a popular roundworm remedy.

I have now cancelled my medical aid, dug up all my rose and katjiepiering bushes in the garden and planted wild medlar. I am not a medical doctor or a traditional healer (yet) but this seems to be the answer to most medical problems. **I would recommend though that you still eat your**

beetroot, take the occasional shower and practice safe sex!

I still have a few wild medlar seeds left at the very reasonable price of R206/pip + dispensing fees. Place your order early to avoid disappointment.

My Kreepy Krauly sê vir my sy is nou so bly dit is somer want nou is sy nie meer so alleen nie.

At Smit.

The 2006 Exhibition

As was previously stated, the exhibition was a great success, except for the fact that we could have done with a lot more spectators- maybe we will get that right as well at next year's exhibition.

For the record, and to show those who could not attend, some of the excellent piece on display, we enclose some photos. I do not think that the photos will doe justice to the real beauty of the exhibitions.

Steyn Grove's excellently made writing desk and chair

Willie Marneweck's round table

The last two photo's show the best items in the furniture category. While Willie's table was adjudged the better of the two, it must be said that it was very hard to determine the winner. Both pieces were excellent indeed.

Brian Addis's patio table and chairs.

We had quite a bit more beautiful furniture on display, but the file size on computer prevents us form adding more photos in this edition. We may include a few more in the Tambotie of December.

Turned hats by At Smit

Some of the displayed toys.

Our members received a large number of certificates for the meritorious work they have done. Space prevents us from publishing the pictures of all our winners. The turners will bear with me when I say we just have to place a picture of Buks Welgemoed receiving Gold for his vase! (It seems as if he has taken all the bantering to heart! Ed)

Jack Munting receiving the Daan Badenhorst Trophy for the best item displayed at the exhibition

Buks Welgemoed ontvang sy goue toekenning

Kabinetmakers

Die laaste vergadering van die meubelmakers is vir Saterdag, 11 November geskeduleer. Dit vind plaas by Fanie Le Hanie se winkel, Executool, in die MontanaValue Centre, Zambesie Rylaan, Monanapark. Tydens hierdie byeenkoms sal die ***Woodrat*** gedemonstreer word. Indien die tyd of die datum sou verander, sal Danie Venter die lede laat weet, dit is dus noodsaaklik dat die lede wat nie lid van die kabinetmakers is nie vir Danie moet kontak om te meld dat hulle ook wil bywoon sodat hy veranderings ook aan hulle kan oordra.

SPALTING (Eng.) – BETEKENIS EN OORSPRONG VAN DIE TERM

Die houtdraaierskorps wêreldwyd is bekend met "spalted wood", hetsy dit op natuurlike wyse of kunsmatig in die hout geïnduseer is. In sy betekenis soos dit tans gebruik word, verwys "spalting" na die opvallende vlekke wat in kernhout voorkom. Dit was egter nie altyd so nie. "Spalting" word deur fungusgroei (swamgroei) in die hout veroorsaak en dit is veral die afskeidingsprodukte van die hifes (miseliums) en soms die interaksie tussen die fungus en die xileem wat die vlekke tot gevolg het. By natuurlike "spalting" kom die vlekke gewoonlik op die grens tussen die kernhout (pithout, duramen) en die saphout (spinthout, alburnum) voor. Waar die proses in gedeeltelik verwerkte hout geïnduseer word, groei die fungus(se) meer homogeen deur die hout en is die vlekke dan nie so gelokaliseer nie. Die "spalting" het verskillende kleure en kleurpatrone in die kernhout tot gevolg en hierdie hout is gesog om vir draaistukke te gebruik. Behalwe dat dit interessant lyk, gee dit 'n ander dimensie aan die hout. Veral houtsoorte wat gewoonlik 'n fyn en reëlmatige grein en homogene ligte kleur het, kan pragtige donker kleurpatrone vanweë die "spalting" ontwikkel en dan

verrassend anders vertoon as die "gesonde" hout van daardie bepaalde soort boom. Dit is ook bekend dat die verkleuring en veral die fungusgroei soms so ver vorder dat die hout begin verrot en mens die suur-soet geur kan ruik wanneer die hout vars gesaag word – baie soos die geur van kuilvoer.

Fungussoorte van die genus *Ganoderma* is baie berug in die Pretoria-omgewing waar hulle lewende bome binnedring en parasiteer en tot gevolg het dat die bome later doodgaan. Die fungusspore kiem slegs in die nabyheid van beskadigde boomwortels. Dit gebeur dus veral in tuine waar ons gereeld onder die bome tuinmaak en die boomwortels met tuin-implemente beskadig. Die hifes groei dan in die rigting van die wondhormone wat deur die wortels afgeskei word en dring die wortel(s) by die wond(e) binne. Dit groei al met die xileem in die wortels en stam langs en gaandeweg word al die xileemvate in hierdie dele met die miseliums verstop. Hierdie verskynsel is egter nie net tot tuinbome of tot inheemse boomsoorte beperk nie. Soos die hifes meer en meer van die xileemvate verstop, begin die boom stadigaan kwyn asof dit droogte ly. Aangesien alle water en opgeloste anorganiese stowwe die blare slegs via die xileem in die stingels kan bereik, ly die blare inderdaad droogte omdat alle watertoevoer gaandeweg na hulle afgesny word. Hierdie is egter 'n baie stadige proses en die boom kan vir baie jare kwyn en elke jaar minder en kleiner blare as die vorige seisoen produseer, voor dit uiteindelik doodgaan.

Daar is nie 'n middel bekend waarmee die besmette bome behandel kan word om die fungusgroei te stuit nie. Ongelukkig is dit ook so dat wanneer die eerste tekens van besmetting verskyn, naamlik die blare wat kwyn en verlep, is die slag reeds gelewer en die siektetoestand reeds te ver gevorder om dit met 'n middel te kan stuit. Die boom blom ook al minder en minder gereeld. Die tweede teken van die besmetting is wanneer 'n vrugliggaam, in die vorm van 'n rakswam, laag teen die grond by die stam uitgroei. Dan het die fungus volwassenheid in die stam bereik en ontwikkel die vrugliggaam na buite om miljoene spore te produseer en vry te stel.

Wat nie algemeen bekend is nie, is die oorsprong van die term "spalting". Daar is ook nie, sover vasgestel kon word, 'n erkende term in Afrikaans vir "spalting" en "spalted wood" nie. Twee belangrike Suid-Afrikaanse werke, waarin die term "spalting" verwag is, verwys glad nie daarna nie. Hulle is die **Engels-Afrikaanse Tegniese Woordeboek** deur H.J. Terblanche (3de uitgawe, 1976) en **Houtwerkterme / Woodworking Terms** (1980) van die Dept. van Nasionale Opvoeding. Dieselfde geld ook talle ander Afrikaans-Engelse/Engels-Afrikaanse woordeboeke wat geraadpleeg is. Die enigste Afrikaanse terme vir "spalting" kom van 'n bron in die Bosboubiblioteek op Stellenbosch. Daarin word dit vertaal met "swamgevlekte hout" en "swamgekleurde hout". Die term "spalt" kom egter algemeen in buitelandse publikasies oor houtwerk voor. Die volgende aanhalings verduidelik die oorsprong en betekenis van "spalting" soos dit in Engels gebruik word. Let op hoe ver terug hierdie terme al ontstaan het.

1. The Shorter Oxford English Dictionary, 3rd edition, 1965.

Spalt – adjective. Now in dialect use (dialectally). Since 1567. Of wood : brittle, short-grained; breaking easily through dryness or decay. Related to **Spalt** (verb).

Spalt – verb. Dialectally. Since 1733. Probably adaptation of Dutch and Flemish spalte, regular phonetic descendant of German spalzen. Related to **Spald** (verb).

2. The Shorter Oxford English Dictionary, vol. 2 (Marl – Z), 1980.

Spald – verb. In northern dialect and Scottish, late Middle English. Adaptation of Middle Low German, spalden, regular phonetic descendant of Old High German spaltan (Middle High German and German spalten to split).
a - transitively - to splinter, split, break up, lay open or flat.
b - intransitively - to go apart, to splay out. Hence spalding, a split and dried fish. Also Spalding knife.

3. South African Concise Oxford Dictionary, 2002.

Spalted – adjective (of wood) containing dark to blackish irregular lines as a result of fungal decay. Origin 1970's from dialect spalt 'to splinter'.
Dit is opmerklik dat slegs laasgenoemde woordeboek na "spalting" verwys in terme van verkleuring weens die fungusgroei (indirekte betekenis), terwyl die ander dit meer oor die split, splinter en opbreek van die hout het (direkte betekenis). Hierdie woordeboek is natuurlik meer modern. Dit dan wat die oorsprong en gebruike van die term in Engels betref.

Maar hoe gemaak in Afrikaans? Ons sou dit tog nie net "spalted" hout en "spalting" wil bly noem nie, en "fungusgevlekte of swamgevlekte hout" is korrek en beskrywend maar lomp. Aangesien daar nie 'n ander erkende term hiervoor in Afrikaans bestaan nie, kan daar seker by die Engelse, Nederlandse of Duitse terme aangeklop en 'n term geleen word?

Hoe klink **spalse hout** (n.a.v. die Duitse spalzen)? Of **spald-hout** (**gespalde hout**) (n.a.v. die Engelse spald en die Duitse spalden)? Of sou die

Nederlands/Vlaamse **gespalte hout** (**spalt-hout**) dalk beter op die oor klink en op die tong val?

Hieroor het ek by taalkundiges en taalkenners gaan aanklop en hul menings gevra. Dit blyk dat ons in Afrikaans reeds "spalt" gebruik en wel in die term "tweespalt". Volgens die Etimologiewoordeboek van Afrikaans (Cloete, Jordaan, Liebenberg & Lubbe, 2003) is tweespalt gewis ŉ ontleding van die Duitse "zwiespalt" waar die tweede lid van die samestelling verband hou met die werkwoorde "splyt" en "kloof". Dit stem dus ooreen met die verduidelikings in die Oxford-woordeboeke soos dit hierbo gestel is. Maar daar is egter ŉ swak verband tussen wat tans as "spalting" beskou word en die oorspronklike Duitse term "spalten" wat die kloof en splyt van hout is. Waar kom die verskuiwing in die betekenis van "spalting" dan vandaan? Uit die Engelse houtwerk-literatuur en die Oxford-woordeboeke vind mens die afleiding dat hout wat deur fungi geïnfekteer is, op so ŉ manier kan verrot dat dit sag word en in lang, dun dele soos splinters verbrokkel. Hierdie "splinters" is seker soortgelyk aan die splinters en brokstukke wat mens kry wanneer jy hout sou kloof vir vuurmaak. Kyk hoeveel splinters lê daar rond waar mens gereeld hout kap. Toe kom ook die effek van die verkleuring ter sprake, en by gebrek aan ŉ ander term het die Engelse klaarblyklik "spalten" in sy verbuigde vorm ook vir fungusgevlekte hout begin gebruik. Dus een term met verskillende betekenisse. Dit kom ook in Afrikaans voor – dink aan al die betekenisse van **blik**.

My voorstel is dus dat ons as houtwerkers dit sou oorweeg om in Afrikaans van **spalthout** (gespalte hout) of **swamvlekhout** (swamgevlekte hout) te praat en hierdie terme in ons lys algemene houtwerkterme op te neem. Daar is genoeg rugsteun daarvoor. Die geraadpleegde taalkenners en taalkundiges is dit met my hiermee eens.

Lou Coetzer

Turners' corner

Once again the turners were very well represented at the exhibition. Further more one of the turners, Jack Munting succeeded in winning the Phil Irons Trophy for the best turned piece as well as the Daan Badenhorst Trophy for the best piece on show. This year, with all the wonderful exhibits this was no mean achievement and we want to applaud Jack with his excellent workmanship. (Jack is hardly ever satisfied with his turned pieces- he is always looking for a little better finish, a little more acceptable shape, a little more? It just shows that in the end all this self critique will pay dividends!)

Our next turner's meeting will be at At Smit's workshop. The homework for the evening will be:

Cotton reel holder		
Walking stick / traditional weapon	Walking stick / traditional weapon	Walking stick / traditional weapon
Scoop /spoon /salad spoon & fork.	Scoop /spoon /salad spoon & fork.	
Mushroom		

All members, especially the turners, are hereby reminded that the AWSA-subs are now due. Please pay your membership of the AWSA, R 80 to Lou Coetzer as soon as possible, as he is our AWSA representative. Lou will pay the total amount due by our members to the AWSA. Kindly give this your priority attention and let Lou know whether you are still interested to maintain your membership or not. (Tel: 012 991 1241)

Kennisgewing

Die besprekings van ons laaste vergadering het beslis ŉ uitwerking op ons lede gehad. Hiermee ŉ selfverduidelikende kennisgewing deur een van ons lede:

Na aanleiding van gisteraand se bespreking oor afwerking metodes wil ek graag die volgende boek onder lede se aandag bring:

Titel: Understanding Wood Finishing
Outeur: Bob Flexner
Uitgewer: Readers Digest Association
ISBN 0-7621-0680-8
Beskikbaar by: Hardware Centre
Prys: R 260-00 (2005)

Ek kan werklik hierdie boek aanbeveel, die skrywer dek alle aspekte van hout afwerking in detail, die boek is goed geskryf asook goed nagevors. Dis `ŉ aanwins vir houtwerkers van beginner tot ekspert vlak. Die geld wat ek gespaar het deur minder foute te maak nadat ek dit gelees het, het hierdie boek al afbetaal!

Houtgroete,

Gerhard Weldhagen

Algemene jaarvergadering

Die Algemene Jaarvergadering van die Houtwerkvereniging van Pretoria sal plaasvind op Woensdag 31 Januarie 2007, om 18:00, in die Jan Smuts Laboratorium, Departement Plantkunde, Universiteit van Pretoria.

Agenda

1 Opening
2 Presensie
3 Verskonings
4 Notule van vorige vergadering: Sekretaris
5 Sake voortspruitend
6 Verslag van die Voorsitter
7 Finansiële verslag; Tesourier
Verkiesing van nuwe Bestuurskomitee
9 Jaarprogram
- Nabetragting van afgelope program
- Voorstelle vir nuwe program

10 Afsluiting

New members

We want to welcome the following new members who have recently joined the association: We do hope that you will make the most of your membership by climbing in and taking what you can from the association. Just remember that the more you part take in our activities, the more you will gin from your membership! Furthermore we are all nice and friendly people who are waiting to help / assist anybody who may have woodworking problems!

Name: Madeline Horn
Address: 152 Justin Crescent, Eldoraigne
Telephone: 012 653 4096
Cell phone: 083 458 8577
E-mail: mad@madcrafts.co.za
Interests: Furniture making

Name: Gerhard Joubert
Address: 7 Danie Street, Brits
Telephone: 012 381 1641
Cell phone: 082 556 6698
E-mail: cappie_gerhard@intekom.co.za
Interests: Furniture making and turning

Name: Markus Killian
Address: Millar Street, Danville
Telephone: 012 305 5004
Cell phone: 072 241 3334
Interests: Turning

Name: Frans Malan
Address: Nixon Street 245, Nieuw Muckleneuk
Telephone: 012 460 4862
E-mail: frpmalan@absamail.co.za
Interests: Turning

Name: Fanie van Staden
Address: 12 Wellington Road, Irene.
Telephone: 012 667 1738
E-mail: fanie.vanstaden@gmail.co.za
Interests: General woodworking

Notification

Hardware Centre, who gave us their wholehearted and very welcome support at the last exhibition, is in the process of opening a new outlet on the East Rand. The Official opening will be on 25 November. The address of the new shop will be: Unit C, Cynthia Road, Bardene. (This is opposite the East Rand Mall, in Boksburg) The Telephone number is 011 826 1058. Should any of our members be in the vicinity on that date, please pop in and see whether you can pick up one of the bargains. (Hardware Centre always have bargains as they only sell the best tools available!)

The old Hardware Centre, that most of us know, will have an open day on Sunday 26 November. This may be your chance to take your wife shopping for those lovely Christmas presents!

EINDE VAN DIE JAAR FUNKSIE

Onthou tog maar om by te woon! Hierdie is nou een einde van die jaar funksie wat ‘n houtwerker nie kan misloop nie. Goeie geselskap, Goeie kos (Jy bring jou eie so jy kan nie kla nie), en sommer net ‘n goeie geleentheid. Sien julle daar in jul hordes met jul vroue en familie

REDAKSIE

Redakteur: Louw Trichardt
Adres: Posbus 50606, Wierdapark, 0149
Telefoon: 012 653 1874
E-pos: louwmarie@icon.co.za